# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za
29 Oktober 2025

**OMSENDBRIEF 8/2025**

**1. TRAKTEMENTSKALE 2026**
**2. REISKOSTE-TARIEF**

**Aan alle leraars en skribas**

Geagte Broeders / Susters,

**1. TRAKTEMENTSKALE: 2026**

Tydens 'n vergadering gehou op 21 Oktober 2025 het die GKK op 'n verhoging van 5.0% besluit.

Let asseblief daarop dat die aanbeveling van 5.0% verhoging slegs betrekking het op die traktementskaal. Alle ander toelae verskil van gemeente tot gemeente na gelang van elke gemeente se eie bedieningsbehoeftes en elke plaaslike kerkraad moet dus die nodige aanpassings ten opsigte daarvan maak. Die GKK beveel aan dat die hersiene traktementskaal, soos hieronder aangedui, met ingang 1 Maart 2026 ingestel word.

*Die huidige (2025) en* **hersiene (2026)** *traktementskale is soos volg:*
→Huidige skaal vanaf 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026:
R323 600 x 20 950 – 344 550 x 24 945 – 494 220 x 34 270 – 528 490.

**→Hersiene skaal vanaf 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027:**
**R339 780 x 22 000 – 361 780 x 26 190 – 518 920 x 35 985 – 554 905.**

| JAAR | HUIDIGE KERF – 2025 | JAAR | HERSIENE KERF - 2026 |
|---|---|---|---|
| | R | | R |
| 1 | 323 600 | **1** | **339 780** |
| 2 | 344 550 | **2** | **361 780** |
| 3 | 369 495 | **3** | **387 970** |
| 4 | 394 440 | **4** | **414 160** |
| 5 | 419 385 | **5** | **440 350** |
| 6 | 444 330 | **6** | **466 540** |
| 7 | 469 275 | **7** | **492 730** |
| 8 | 494 220 | **8** | **518 920** |
| 9 | 528 490 | **9** | **554 905** |

Ten opsigte van proponente wat na afloop van legitimasie beroep word, beveel die GKK aan dat die hersiene kerf vanuit die staanspoor op die beroepsbrief vermeld word en dat daar dan geen verhoging op 1 Maart 2026 gegee word nie.

Die ooreenkoms wat die gemeentes met mekaar in die kerkverband het is dat alle leraars, in soverre dit vir die plaaslike kerkraad moontlik is, jaarliks op 1 Maart die inflasie- sowel as die jaar-kerf aanpassing ontvang, totdat Kerf 9 bereik word. Die veronderstelling is dat alle leraars na 9 jaar se diens in die kerkverband dieselfde basiese traktement ontvang.

Ter illustrasie beteken die aanbeveling in praktyk dus dat 'n leraar wat tans 'n jaarlikse traktement van R419 385 ontvang, se traktement verhoog word na R466 540.

Daardie leraars wat reeds op die topskaal van Kerf 9 traktement ontvang (2025 was dit R528 490), ontvang slegs die aanbevole persentasie-aanpassing (dus vanaf 1 Maart 2026 R554 905).

Die GKK vertrou dat gemeentes waar predikante voltyds in diens is, sulke predikante **nie minder gunstig** as ooreenkomstig die aanbevole traktementskaal en die aangeduide aanpassings sal vergoed nie.

Die fondsverjaardag van die Pensioenfonds is 1 Maart van elke jaar en daarom poog ons om die salaris-/traktementverhogings ook vanaf hierdie datum te laat plaasvind, om te voorkom dat daar elke maand nuwe inligting aan die administrateur, Acravest, gegee moet word. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor is verantwoordelik vir die oorbetaling van die pensioenfonds ledegelde aan Acravest en ***dit sal waardeer word indien u besonderhede van die hersiene traktemente wat aan u predikant(e) toegeken is, so spoedig moontlik, maar nie later nie as 31 Maart 2026 aan afdeling Finansies by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan verstrek.***

**2. REISKOSTETARIEF OP 1 JANUARIE 2026 ONVERANDERD**

Die lasgewing van die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) bepaal onder andere dat daar van tyd tot tyd oor reiskostetariewe besin word, die reiskostetarief vir permanente kommissies vasgestel word en **aanbevelings** aan kerkrade en ringe gedoen word.

Die lasgewing is 'n staande punt op elke GKK-vergadering. Die berekening van die reiskostetarief word volgens die AA-Tabelle gedoen op 'n verskeidenheid van voertuie. Die vorige reiskostetariefverhoging was aanbeveel in 2023.

Die GKK het op die vergadering van 21 Oktober 2025 besluit om die tarief onveranderd te laat op R6.50 per kilometer.

Gevolglik **beveel** die GKK aan dat die minimum reiskoste wat per maand aan 'n leraar betaal word, ten einde sy pligte te kan nakom, onveranderd bly op R6,500.00 per maand.

Met agting en seënwense

______________________________

Bennie Potgieter

**n. Direkteur van Kerkadministrasie**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390